

VKB LANDBOU (EDMS) BPK ("VKB")**REGNR: 2015/165238/07****GRAANHANTERINGS- EN OPBERGINGSOORENKOMS EN VOORWAARDES****1 INLEIDING EN OORENKOMS:**

- 1.1 Hierdie dokument stel die standaard ooreenkoms en voorwaardes daar waaronder alle graan en oliesade ("**produkte**") hanteer en opberg sal word in die silos van VKB. Indien die klant produkte aan VKB lewer of produkte in die silo's aankoop, kom die volgende ooreenkoms, op die voorwaardes hierin uiteengesit, hierna genoem ("**die ooreenkoms en voorwaardes**"), tussen VKB en die klant tot stand.
- 1.2 Die klant stem in tot hierdie ooreenkoms en voorwaardes op een of meer van die volgende wyses:
- 1.2.1 Deur ondertekening daarvan aan die einde van hierdie dokument; of
- 1.2.2 Deur ondertekening van VKB se kredietvoorwaardes, welke sodanige instemming bevat; of
- 1.2.3 Deur ondertekening van VKB se verkoopsvoorwaardes en/of aansoek om lidmaatskap, welke sodanige instemming bevat; of
- 1.2.4 Deur ondertekening en/of aanvaarding van enige dokumentasie wat deel vorm van die opbergingsketting, insluitend maar nie beperk tot leweringsopdragte; ontvangsbewyse; silo-sertifikate; aankoopskontrakte; versendingsdokumente; omsendskrywes, oesreëlings en openbare kennisgewings, waarin hierdie ooreenkoms en voorwaardes by wyse van verwysing geïnkorporeer word; of
- 1.2.5 Deur gedrag of by implikasie, deur die lewering of afhaal van enige produkte by enige VKB silo, in die normale loop van besigheid tussen die klant en VKB, hetsy deur die klant self of deur enige persoon wat oënskynlik namens die klant optree en/of die klant verteenwoordig.
- 1.3 Dit is nie 'n geldigheidsvereiste vir hierdie ooreenkoms en voorwaardes dat dit deur die klant onderteken moet word nie.
- 1.4 Afskrifte van die ooreenkoms en voorwaardes is vir alle klante kosteloos beskikbaar by VKB se kantore te Reitz (Pres CR Swart Straat 31) en Modimolle (Chief Albert Luthuli Straat 90). Dit kan op versoek van die klant ook gestuur word per voorafbetaalde aangetekende pos, per faksimile, deur middel van e-pos of per hand afgelewer na gelang van die besonderhede wat VKB van die klant het. Dit is ook by VKB se silo's en op VKB se webtuiste, www.vkb.co.za, beskikbaar.
- 1.5 Hierdie ooreenkoms en voorwaardes word derhalwe by elke graandienste transaksie geïnkorporeer.
- 1.6 '**Aanhangsel A**' hierby aangeheg bevat 'n uiteensetting van al VKB se silos en ook in welke streek elke silo resorteer.

2 PLEK VAN LEWERING EN OPBERGING:

- 2.1 Die produkte moet deur die klant aan VKB gelewer word by 'n silo waar VKB dit sal opberg onderworpe aan die beskikbaarheid van voldoende ruimte vir die betrokke produkte en/of graad.

- 2.2 Onderworpe aan hierdie ooreenkoms en voorwaardes onderneem VKB om die produkte op te berg totdat dit later in opdrag van die klant in geheel of gedeeltelik oorgedra word na 'n silo-sertifikaat, 'n derde of aan VKB verkoop word, of versend moet word aan 'n derde.
- 2.3 By lewering van die produkte in die silo van VKB gaan die risiko ten opsigte daarvan op VKB oor. Die risiko eindig sodra die produkte uit die silo gelaai word.
- 2.4 Die klant moet vir doeleindes van elke lewering van graan, VKB se leweringsopdrag voltooi en onderteken. Die klant sal gebonde wees aan enige sodanige leweringsopdrag en die besonderhede daarop voltooi. Deur die verteenwoordiger toe te laat om die dokument te voltooi en/of te onderteken en/of om die produkte in te lewer, bevestig die klant die volmag van die verteenwoordiger wat die leweringsopdrag voltooi en/of onderteken en/of die produkte inlewer.

3 TYDPERK VAN OPBERGING:

Die maksimum tydperk van opberging van elke produk hieronder aangedui is 1 jaar wat vir elke produk strek oor die volgende tydperke:

- Droëbone: 1 Maart tot 28/29 Februarie of gedeelte daarvan;
- Koring: 1 Oktober tot 30 September of gedeelte daarvan;
- Manna: 1 Maart tot 28/29 Februarie of gedeelte daarvan;
- Mielies: 1 Mei tot 30 April of gedeelte daarvan;
- Millet: 1 Maart tot 28/29 Februarie of gedeelte daarvan;
- Sojabone: 1 Maart tot 28/29 Februarie of gedeelte daarvan;
- Sonneblom: 1 Maart tot 28/29 Februarie of gedeelte daarvan; en
- Sorghum: 1 Mei tot 30 April of gedeelte daarvan.

4 KWALITEITSBEPALING:

- 4.1. Die kwaliteit van die produkte word tydens ontvangs en versending daarvan deur VKB bepaal op grond van die graderingsregulasies vir elke produk soos uitgevaardig kragtens die Wet op Landbouprodukstandaarde 119 van 1980 ("**die graderingsregulasies**"), en enige ander toepaslike wetgewing, sowel as volgens algemeen aanvaarde standaarde en metodes in die graanbedryf, tesame met VKB se standaard praktyke soos gepas vir die tipe fasiliteite en toerusting wat by die betrokke silo bestaan.
- 4.2. Indien die kwaliteit van die produkte wat deur die klant gelewer word nie aan die vereistes van die betrokke produkte voldoen nie, kan VKB in sy uitsluitlike diskresie besluit of sodanige produkte ingevolge hierdie ooreenkoms opgeberg kan word, welke diskresie op redelike wyse uitgeoefen sal word.
- 4.3. VKB se gradering word as *prima facie* korrek aanvaar, tensy die klant dit onverwyld betwis, in welke geval die dispuut hanteer sal word soos voorgeskryf deur klousule 15 hieronder.
- 4.4. Die klant waarborg dat produkte wat vir opberging by VKB gelewer word, geproduseer en hanteer is volgens die toepaslike vereistes van die Wet op Mistowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels 36 van 1947, en die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels 54 van 1972. Hierdie wette vereis dat produkte slegs met wettige chemiese middels, volgens voorskrifte behandel is en dus geskik is vir menslike en dierlike gebruik.

5 MASSABEPALING:

- 5.1. VKB bepaal die massa van elke vrag wat deur die klant gelewer word of namens die klant versend of uitgelaaï word deur gebruik te maak van 'n geykte massameter soos gesertifiseer ingevolge die Wet op Handelsmetrologie 77 van 1973 deur behoorlik gemagtigde owerhede en/of instellings.
- 5.2. Die massabepaling soos aangetoon op die graanontvangsbewys of uitlaaibewys, word deur die klant as *prima facie* korrek en finaal aanvaar tensy die klant, op wie die bewyslas sal rus, die teendeel bewys.
- 5.3. Indien die vog van die produkte met lewering hoër is as die basisvog, word die opbergmassa verder aangesuiwer na die basisvog waarteen die onderskeie produkte opgeberg word. Die basisvog vir die verskillende produkte is soos volg:

Droëbone: 12.0%; Koring: 12.5%; Manna: 12%; Mielies: 12.5%; Millet 12%; Sojabone: 12.0%; Sonneblom: 9.0% en Sorghum: 12.5%

- 5.4. Die aanpassing ten opsigte van die opbergmassa, soos na verwys in klousule 5.3, word as volg bereken:

Maksimum vog toegelaat: X%

Basisvog: Y%

Massa-aanpassings vir vog:

$$A x \left[1 - \frac{100 - x}{100 - y} \right]$$

waar:

A= Massa van vrag (Bruto minus Tarra minus Sifsels)

X= Werklike vogpersentasie

Y= Verlangde vogpersentasie

- 5.5. Indien die vog van die produkte bokant die basisvog is en VKB instem om sodanige produkte te ontvang, onderhewig aan droging, sal die koste van droging vir die rekening van die klant wees.
- 5.6. Aangesien die klant produkte lewer op 'n onskoongemaakte basis, sal VKB by magte wees om die volgende hanteringsaanpassings toe te pas ten einde die netto massa van die gelewerde produk te bepaal:

Mielies: 1%

Sorghum: 2.28%

Koring: Werklike persentasie vreemde materiaal en sifsels + 0.5%

Sojabone: Werklike persentasie vreemde materiaal + 0.5%

Sonneblom: Werklike persentasie vreemde materiaal + 0.5%

6 OPBERGING:

Die klant stem toe dat sy produkte vermeng kan word met produkte van ongeveer dieselfde aard en kwaliteit. VKB se verpligting is beperk daartoe om sover as prakties moontlik produkte van ongeveer dieselfde aard en kwaliteit te lewer wanneer die opbergingsooreenkoms tot 'n einde kom. Hierdie verpligting word nie so uitgelê dat dit beteken dat identiese produkte teruggelewer moet word nie.

7 VERSEKERING:

- 7.1. VKB onderneem om op sy eie koste die produkte saam met enige ander produkte wat in die silo opgeberg word te verseker teen versekerbare risiko's.
- 7.2. Indien vir watter rede ookal die produkte in die silo tot so 'n mate beskadig of vernietig word dat dit onmoontlik is vir VKB om uit daardie silo of enige ander silo sy voormelde leweringsverpligting na te kom, is VKB geregtig om in sy uitsluitlike diskresie die waarde van die produkte aan die klant uit te betaal. Die waarde word bereken teen die SAFEX prys min die vervoerdifferensiaal vir die betrokke silo op die dag waarop VKB in sy uitsluitlike diskresie besluit dat dit onmoontlik geword het om sy leweringsverpligtinge na te kom. Indien die produkte nie op SAFEX verhandel nie moet die partye *bona fide* poog om op die kontantwaarde daarvan ooreen te kom, by gebreke waarvan 'n onafhanklike deskundige (deur die partye aangestel) gevra sal word om as 'n waardeerder, die kontantwaarde in sy/haar diskresie vas te stel en welke beslissing finaal en bindend sal wees.
- 7.3. Alle diskresies ingevolge hierdie klousule sal op redelike wyse deur VKB uitgeoefen word.
- 7.4. Die partye bevestig dat ten einde die koste van VKB se dienste vir die klant te beperk, VKB onder geen omstandighede en vir watter rede ook al aanspreeklik sal wees vir die kliënt se gevolgskaade nie.
- 7.5. VKB mag enige stappe neem wat in sy diskresie nodig is om die produkte te beskerm teen enige moontlike skade wat dit mag tref.

8 VERSENDING

- 8.1. Onttrekking van produkte sal geskied binne 10 besigheidsdae na ontvangs van 'n vooraf skriftelike kennisgewing vanaf die klant met vermelding van die graad, benaderde massa, versendingsdatum en tyd, versendingsadres en vervoerreëlings.
- 8.2. Alle produkte word op die basis ex-silo aan die klant versend eers nadat alle vergoeding betaalbaar ingevolge hierdie ooreenkoms en voorwaardes, deur die klant betaal is.
- 8.3. Geen produkte mag onttrek word sonder dat 'n geldige instruksie deur VKB uitgereik is nie.
- 8.4. Indien die gradering en spesifikasie van die produkte wat deur VKB aan of namens die klant versend word, verskil van dié van die produkte wat aanvanklik deur die klant vir opberging gelewer is, sal VKB in sy diskresie, welke diskresie op redelike wyse uitgeoefen moet word, geregtig wees om ander produkte so na as prakties moontlik aan die aanvanklike gradering en spesifikasie te lewer. In sodanige geval sal die klant aan VKB of VKB aan die klant, na gelang van die geval, vergoeding betaal volgens die waardeverskille tussen die grade soos deur Safex bepaal, en in die geval waar die produkte nie op Safex verhandel nie, die waarde soos van tyd tot tyd formeel aan VKB se klante gekommunikeer.
- 8.5. Indien die produkte wat deur die klant ontvang word, nie ooreenstem met die graad (met inagneming van die bogemelde), massa of voginhoud soos aan hom versend nie of indien dit insekbesmet is, moet die klant VKB in kennis stel en nie die produkte aflaai nie.

Telefoniese sowel as skriftelike kennisgewing moet binne 12 uur na ontvangs van die produkte deur die klant, VKB bereik, by gebreke waarvan die klant verplig sal wees om die produkte te aanvaar asof dit gelewer is soos versend. Waar naweke of publieke vakansiedae van toepassing is, moet kennisgewing binne 48 uur geskied.

- 8.6. Ten opsigte van die inhoud van klousule 8.5 bevestig die partye dat weens die aard van produkte wat hulle afsonderlik identiteit en potensieel eiendomsreg by vermenging verloor, asook weens die verskeidenheid van omstandighede wat 'n nadelige effek op hierdie natuurlike produkte mag hê, dit noodsaaklik en redelik is om die kennisgewingtydperke so kort as moontlik te maak.

9 VERGOEDING:

- 9.1. As vergoeding vir die dienste wat VKB aan die klant lewer, sal die klant 'n tarief/koste vir hantering en/of vir opberging en/of ander dienste, wat van tyd tot tyd gewysig kan word, aan VKB betaal. Die tariewe is by VKB se kantore te Reitz (Pres CR Swart Straat 31) en Modimolle (Chief Albert Luthuli Straat 90) beskikbaar.
- 9.2. Dit word op rekord geplaas dat die tariewe/kostes soos na verwys in klousule 9.1, wel van tyd tot tyd, in die uitsluitlike diskresie van VKB, gewysig kan word en welke tariewe/kostes van silo tot silo mag verskil.
- 9.3. Enige vergoedingstariewe sluit in alle gevalle Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW) uit.
- 9.4. Opbergingskoste is betaalbaar binne 1 maand wat volg op die maand waarin die opbergingskoste ontstaan het.
- 9.5. Opbergingskoste ten opsigte van silo-sertifikate wat gestort word is onmiddellik betaalbaar waarna verdere opbergingskoste op die produkte in terme van klousule 9.4 betaalbaar is.
- 9.6. Alle ander silo dienstekostes, administratiewe- en silo-sertifikaatkostes is betaalbaar binne 3 kalenderdae nadat VKB die klant voorsien het van 'n oorspronklike faktuur, of soos andersins skriftelik ooreengekom.
- 9.7. Rente teen Standard Bank se heersende prima uitleenkoers plus 3 persentasie punte word op 'n daaglikse basis op uitstaande en agterstallige rekenings bereken en maandeliks gekapitaliseer.
- 9.8. VKB oefen 'n retensiereg op alle produkte wat in die silo's opgeberg word uit vir die betaling van alle bedrae verskuldig deur die klant aan VKB. VKB behou die reg voor om lewering van die produkte aan enige iemand hoegenaamd te weier en te weerhou totdat effektiewe betaling van alle verskuldigde bedrae aan VKB ten opsigte van die produkte gemaak is. Die klant magtig VKB hiermee onherroeplik en onvoorwaardelik om die produkte of soveel daarvan as wat nodig mag wees te gelde te maak, hetsy deur dit te verkoop of vir eie rekening aan te koop teen die SAFEX prys min die vervoerdifferensiaal vir die betrokke silo op die dag waarop die produkte aldus te gelde gemaak word. VKB onderneem om nie hierdie reg uit te oefen voor die verloop van 10 kalenderdae nadat die betrokke verskuldigde bedrag opeisbaar geword het nie en die klant vir betaling daarvan skriftelik aangemaak is nie.
- 9.9. 'n Sertifikaat geteken deur enige bestuurder van VKB (waarvan die aanstelling nie bewys hoef te word nie) waarin die bedrag verskuldig en betaalbaar gesertifiseer word, is *prima facie* bewys van die bedrag en verskuldigheid.

10 BETALING:

Betaling van enige verskuldigde bedrag deur die klant aan VKB geskied slegs deurdat die verskuldigde bedrag betaal word in en gekrediteer word op VKB se bankrekening. Indien betaling by wyse van bankoorsplasing of deur die internetbankdiens geskied is dit die klant se plig om VKB van sodanige betaling per e-pos in kennis te stel by graan@vkb.co.za.

11 SILO-SERTIFIKATE:

'n Silo-sertifikaat(e) sal deur VKB aan die klant of sy skriftelik genomineerde uitgereik word 2 besigheidsdae nadat 'n skriftelike aansoek daarvoor van die klant ontvang is by VKB se kantore te Reitz (Pres CR Swart Straat 31) en nadat alle verskuldigde gelde ingevolge daarvan betaal is.

12 VERVREEMDING AAN DERDES:

Indien die klant die produkte of enige deel daarvan aan 'n derde vervreem sal VKB sy rekords wat op die produkte betrekking het verander om die derde as die klant ten opsigte van die produkte te reflekteer, slegs indien VKB 'n behoorlik ondertekende skriftelike aansoek daarvoor vanaf die klant by VKB se kantore te Reitz (Pres CR Swart Straat 31) ontvang het. Die derde is eweneens aan hierdie ooreenkoms en voorwaardes gebonde.

13 KENNISGEWINGS:

VKB nomineer President CR Swartstraat 31, Reitz, 9810 as fisiese adres waar alle kennisgewings ingevolge hierdie ooreenkoms en voorwaardes afgelewer kan word.

- 13.1. Die klant kies as sy *domicilium citandi et executandi* en die adres waar alle kennisgewings gelewer kan word die adres wat verskyn op die ontvangsbewys/uitlaaibewys wat by die silo uitgereik word.
- 13.2. Die partye het die reg om die voormelde adresse te verander met 7 kalenderdae skriftelike kennis aan die teenparty.
- 13.3. Kennisgewings moet per hand afgelewer word, of per faks versend word, of per e-pos versend word of versend word met voorafbetaalde aangetekende pos.
- 13.4. 'n Kennisgewing ontvang na 16h00 op 'n besigheidsdag sal geag word ontvang te gewees het op die eersvolgende besigheidsdag.
- 13.5. Sodanige kennisgewing sal, tensy die teendeel bewys word, geag word ontvang te gewees het indien:
 - 13.5.1. Per hand gedurende gewone besigheidsure in 'n korrek geadresseerde kovert aan 'n verantwoordelike persoon by die gekose adres afgelewer, op die datum van aflewering;
 - 13.5.2. Per faks of e-pos afgestuur, op die datum van afstuur daarvan, waar dit gestuur word gedurende normale besigheidsure, of op die eerste besigheidsdag nadat die gestuur is, waar dit buite besigheidsure gestuur word; en
 - 13.5.3. Per geregistreerde pos, 5 besigheidsdae nadat dit per pos gedoen is.

14 REGSKOSTE:

Indien enige party regstappe moet neem om hierdie ooreenkoms en voorwaardes af te dwing, sal die onsuksesvolle party die ander party se koste betaal op 'n skaal soos tussen prokureur-en-eie-kliënt.

15 DISPUTE EN ARBITRASIE:

15.1. Graderings-en/of tegniese dispute by aflewering van produkte

- 15.1.1. Enige dispuut rakende die gradering of tegniese aard van produkte moet eerstens met die betrokke silobestuurder uitgeklaar word alvorens die betrokke vrag die siloterrein verlaat.
- 15.1.2. Indien die klant en die betrokke silobestuurder nie tot 'n vergelyk kan kom nie moet die vrag eenkant op die siloperseël getrek word en moet daar met VKB se Bestuurder: Graandienste geskakel word vir verdere hantering.
- 15.1.3. Sou dit gebeur dat die dispuut steeds nie opgelos is na toetrede deur die VKB Bestuurder: Graandienste nie, sal 'n monster (by wyse van 'n dubbel buissteker) van die betrokke vrag in die teenwoordigheid van beide partye geneem word, welke monster behoorlik geseël sal word, waarna sodanige monster na die Suid-Afrikaanse Graan Laboratorium (SAGL) versend sal word vir ontleding. Die uitslag van sodanige ontleding sal bindend wees op beide partye.
- 15.1.4. Alle redelike kostes wat verband hou met 'n dispuut en beslegting daarvan, sal in alle gevalle gedra word deur die party teen wie 'n bevinding gemaak is.
- 15.1.5. Beide partye aanvaar dat 'n dispuutgeval nie verder ondersoek sal word indien die betrokke vrag(te) die siloperseël verlaat nie. Sou dit gebeur dat die klant se vrag(te) die siloperseël verlaat tydens beslegting van 'n dispuut, sal die klant aanspreeklik wees vir alle kostes wat reeds aangegaan is ter beslegting van die geskil.

15.2. Arbitrasie

- 15.2.1. Onderhewig aan die bepalings van klousule 15.1 hierbo, indien daar enige geskille tussen die partye bestaan oor enige aangeleentheid wat verband hou met hierdie ooreenkoms en voorwaardes of die kansellasië daarvan kan VKB, behoudens die bepalings van hierdie ooreenkoms en voorwaardes tot die teendeel, in sy uitsluitlike diskresie besluit om sodanige geskil(le) te laat bereg by wyse van arbitrasie, of deur 'n Hof met toepaslike regsbevoegdheid.
- 15.2.2. Die oogmerk is dat die arbitrasie binne 21 besigheidsdae afgehandel moet word en informeel moet geskied.
- 15.2.3. Die arbitrasie sal gehou word te Reitz/Modimolle en die partye is geregtig op regsverteenvoording. Indien die arbitrasie nie op 'n informele grondslag besleg kan word nie geld die bepalings van die Arbitrasiewet 42 van 1965.
- 15.2.4. Die beslissing van die arbiter is finaal en bind die partye tot die geskil en enige party mag dit 'n bevel van die Hof laat maak.
- 15.2.5. Die bepalings vervat in hierdie klousule 15 doen geensins afbreuk aan die regte en verpligtinge van die partye wat ingevolge die Nasionale Kredietwet 34 van 2005 (indien van toepassing) verleen is nie.

16 BEPERKING VAN AANSPREEKLIKHEID EN VRYWARING:

- 16.1 VKB is nie aanspreeklik teenoor die klant vir enige handeling wat deur VKB in goeder trou ingevolge hierdie ooreenkoms en voorwaardes geneem word nie, insluitend die interpretasie en toepassing van enige graderingsregulasie op graan of oliesade, en die klant vrywaar VKB teen enige eise wat teen VKB ingestel mag word (insluitend eise deur die klant) vir skadevergoeding voortvloeiend uit hierdie ooreenkoms en die voorwaardes,

op voorwaarde dat sodanige vrywaring beperk is tot handeling wat in goeder trou deur VKB geneem is.

16.2 Enige eis teen VKB voortvloeiend uit hierdie ooreenkoms en voorwaardes sluit gevolgskade of algemene skade uit en is beperk tot die werklike skade ten opsigte van die produkte wat deur die klant gely is.

17 ALGEMEEN:

17.1 Verwysings na 'besigheidsdae / besigheidsdag' sal enige dag insluit behalwe 'n Saterdag, Sondag of amptelike openbare vakansiedag.

17.2 VKB sal nie verantwoordelik wees vir enige vertraging in die lewering van die produkte of enige gedeelte daarvan indien dit teweeggebring is deur enige Daad van God, aksie deur die Regering, staking, ontploffing, vloede, oproer, oorlog, ongeluk, embargo, wetgewing, burgerlike opstand, onrus of enige ander oorsaak of gebeurlikheid buite VKB se beheer, nie. Die klant sal nie enige eis teen VKB kan instel vir die vertraging, nie-lewering of andersins gebrekkige prestasie ingevolge hierdie klousule nie.

17.3 Hierdie ooreenkoms en voorwaardes bevat die hele ooreenkoms tussen die partye en geen terme, ooreenkoms en voorwaardes, wysigings, afwykings, veranderings of gemeenskaplike kansellasië sal geldig wees, tensy dit op skrif gestel en deur beide partye onderteken is nie.

[AANHANGSEL A VOLG]

VRYSTAAT STREEK	LIMPOPO STREEK
<u>Kontakbesonderhede</u>	<u>Kontakbesonderhede</u>
Fisiese Adres: Pres CR Swart Straat 31, Reitz, 9810	Fisiese Adres: Chief Albert Luthuli Straat 90, Modimolle, 0510
Faks: 058 863 3317	Faks: 058 863 3317
E-pos: graan@vkb.co.za	E-pos: graan@vkb.co.za
ASCENT SILO	LEHAU SILO
CORNELIA SILO	NABOOMSPRUIT (MOOKGOPHONG) SILO
DANIELSRUS SILO	NYLSTROOM (MODIMOLLE) SILO
FRANKFORT SILO	NUTFIELD SILO
JIM FOUCHE SILO	POTGIETERSRUS (MOKOPANE) SILO
MEMEL SILO	ROEDTAN SILO
PETRUS STEYN SILO	SETTLERS SILO
REITZ SILO	WARMBAD (BELA-BELA) SILO
TWEELING SILO	
VILLIERS SILO	
VREDE SILO	
WARDEN SILO	
WINDFIELD SILO	
WILGESPRUIT	
GOEDGEDACHT	